# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG
(Derde Vraestel)

# AFDELING A
## STELWERK

TAAL EN STYL (70)

| INHOUD (30) | Puik | Baie goed | Goed | Gemiddeld | Onder-gemiddeld | Swak | Beroerd |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ryk | 30 | 27 | 24 | 21 | 18 | 15 | 12 |
| Baie goed | 28 | 25 | 23 | 20 | 17 | 14 | 10 |
| Goed | 27 | 24 | 22 | 18 | 16 | 12 | 9 |
| Alledaags | 26 | 23 | 20 | 17 | 14 | 11 | 8 |
| Onder-gemiddeld | 25 | 22 | 19 | 16 | 13 | 10 | 7 |
| Arm | 24 | 21 | 18 | 15 | 12 | 8 | 5 |
| Misgetas | 23 | 20 | 17 | 14 | 11 | 7 | 4 |

TOTAAL: 30

## AFDELING B
### STELWERK

TAAL EN STYL (70)

INHOUD (30)

| | Puik | Baie goed | Goed | Gemiddeld | Onder-gemiddeld | Swak | Beroerd |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ryk | 15 | 14 | 13 | 12 | 10 | 9 | 8 |
| Baie goed | 14 | 13 | 12 | 10 | 9 | 8 | 7 |
| Goed | 13 | 12 | 10 | 9 | 8 | 7 | 6 |
| Alledaags | 12 | 10 | 9 | 8 | 7 | 6 | 5 |
| Onder-gemiddeld | 10 | 9 | 8 | 7 | 6 | 5 | 4 |
| Arm | 9 | 8 | 7 | 6 | 5 | 4 | 3 |
| Misgetas | 8 | 7 | 6 | 5 | 4 | 3 | 2 |

TOTAAL: 15

| | INHOUD | | TAAL EN STYL |
|---|---|---|---|
| **Ryk** | 1. Buitengewone, oorspronklike interpretasie van onderwerp.<br>2. Besondere konsentrasie op onderwerp.<br>3. Briljante sintuiglike waarneming en meelewing.<br>4. Duidelik: omlynde sentrale tema.<br>5. Duidelike progressie.<br>6. Opstel vorm 'n afgeronde geheel.<br>7. Sterk oortuiging. | **Puik** | 1. Ryk oorspronklike beelde – funksioneel.<br>2. Afr. idioom uitnemend aangebied – oorspronklik.<br>3. Taal deurleef en goed genuanseerd.<br>4. Buitengewone taalaanvoeling: oorspronklike sinsbou.<br>5. Gebruik leestekens as uitdrukkingsmiddel.<br>6. Alle taalmiddele dra by tot gebalanseerde geheel, maak opstel briljant. |
| **Baie goed** | 1. Interessante oorspronklike, onderwerp-vertolking.<br>2. Konsentrasie, maar geringe afdwaling.<br>3. Paragrawe nie meer heg verbind nie.<br>4. Besondere sintuiglike waarneming.<br>5. Sentrale tema: omlyning minder duidelik.<br>6. Mindere progressie.<br>7. Afgeronde eenheid.<br>8. Oortuigingskrag steeds sterk. | **Baie goed** | 1. Taal beeldryk (funksioneel) of nugter (konkreet).<br>2. Idioom, taal: funksioneel.<br>3. Taal grootliks oorspronklik: woordeskat getuig van breë taalkennis.<br>4. Korrekte paragrafering, sinsbou, punktuasie: natuurlikheid ontbreek.<br>5. Styl vloeiend, oorspronklikheid ontbreek bietjie.<br>6. Taal klinies korrek maar kort deurleefdheid. |
| **Goed** | 1 Vanselfsprekende onderwerp siening.<br>2. Onderwerpgerig, konsentrasie ontbreek.<br>3. Sentrale tema – sporadies.<br>4. Progressie fragmentaries.<br>5. Sintuiglike waarneming, maar algemeenhede.<br>6. Bevredigende, afgeronde eenheid.<br>7. Bevredigende oortuigingskrag. | **Goed** | 1. Beperkte beeldende of nugter taalgebruik, skemer net soms deur.<br>2. Idiomatiese taal onbevredigend.<br>3. Oorspronklike taalgebruik beperk, maar taal steeds bogemiddeld.<br>4. Paragrafering, sinsbou, punktuasie toon foute: spelfoute kom voor.<br>5. Weinig sprake van eie styl: skryf korrek soos geleer.<br>6. Goeie opstel, maar sonder aanvoeling en deurlewing. |
| **Alledaags** | 1. Geen spesifieke siening van onderwerp.<br>2. Konsentrasie verbrokkel, afdwaling.<br>3. Geen opvallende sentrale tema.<br>4. Progressie – min.<br>5. Doodgewone waarneming, geen treffende siening nie.<br>6. Paragraafskakeling ontbreek, eenheid gaan effe verlore.<br>7. Argumente bietjie onoortuigend. | **Gemiddeld** | 1. Nie werklike beelde of nugter taalgebruik nie, wat gebruik word is oorbekend.<br>2. Meer vaaghede in formulering – soms onbeholpe.<br>3. Onoorspronklike taalgebruik.<br>4. Anglisismes: foutiewe woordkeuse.<br>5. Paragrafering willekeurig: hegte bou ontbreek: herhaling van gedagtes.<br>6. Foute t.o.v. punktuasie, sinsbou, woordorde: onvoltooide sinne.<br>7. Alledaagse skryfstyl: skryftegnieke ontbreek of oordryf. |
| **Ondergemiddeld** | 1. Siening, inhoud slegs plek-plek ter sprake.<br>2. Konsentrasie: aanbieding grootliks onsamehangend.<br>3. Sentrale tema ontbreek.<br>4. Geen progressie, patroon staties.<br>5. Beskrywing en waarneming vraag en kleurloos.<br>6. Skakeling: paragraafbou verbrokkel.<br>7. Lengte verontagsaam. | **Ondergemiddeld** | 1. Uitdrukkingsvermoë lomp en vaag: geen beeldspraak en stylfigure: slegs afgesaagdes.<br>2. Verbeeldinglose taal: beperkte woordeskat.<br>3. Paragrafering foutief: sinsfoute algemeen en punktuasie terloops: beperkte gebruik van leestekens.<br>4. Styl omslagtig en onbeholpe.<br>5. Baie spelfoute.<br>6. Toenemende anglisistiese inslag. |
| **Arm** | 1. Onderwerp nie ter sake – geen insig.<br>2. Oppervlakkig – 'n doellose geklets.<br>3. Geen tema: patroon ontbreek.<br>4. Onoorspronklik.<br>5. Gedagtes los en sonder verband.<br>6. Growwe verontagsaming van lengte. | **Swak** | 1. Kan nie gedagtes oordra nie.<br>2. Taal lomp, onbeholpe, beperk.<br>3. Baie spelfoute: min eenheid.<br>4. Skryftegnieke verkeerd.<br>5. Algemene foute.<br>6. Druip. |
| **Misgetas** | 1. Inhoud niks te make met onderwerp.<br>2. Deurmekaar sameflansing van niksseggende gedagtes.<br>3. Growwe verontagsaming van lengte.<br>4. Besliste druipeling. | **Beroerd** | 1. Idioom lomp en onbeholpe.<br>2. Geen skryftegniek.<br>3. Baie foute<br>4. Geen struktuur.<br>5. Volslae druip. |

# KORTER WERKSTUK

| INHOUD | | TAAL EN STYL | |
|---|---|---|---|
| **Ryk** | 1. Buitengewone, oorspronklike interpretasie van onderwerp.<br>2. Besondere konsentrasie op onderwerp.<br>3. Briljante sintuiglike waarneming en meelewing.<br>4. Duidelik: omlynde sentrale tema.<br>5. Duidelike progressie.<br>6. Werk vorm 'n afgeronde geheel.<br>7. Sterk oortuiging.<br>8. Baie feite. | **Puik** | 1. Ryk funksionele taal.<br>2. Taal deurleef en goed genuanseerd.<br>3. Buitengewone taalaanvoeling: oorspronklike sinsbou.<br>4. Gebruik leestekens as uitdrukkingsmiddel.<br>5. Alle taalmiddele dra by tot gebalanseerde geheel, maak opstel briljant. |
| **Baie goed** | 1. Interessante oorspronklike, onderwerpvertolking.<br>2. Konsentrasie, maar geringe afdwaling.<br>3. Paragrawe nie meer heg verbind nie.<br>4. Besondere sintuiglike waarneming.<br>5. Sentrale tema: omlyning minder duidelik.<br>6. Mindere progressie.<br>7. Afgeronde eenheid.<br>8. Oortuigingskrag steeds sterk. | **Baie goed** | 1. Taal funksioneel of nugter (konkreet).<br>2. Idioom, taal: funksioneel.<br>3. Taal grootliks oorspronklik: woordeskat getuig van breë taalkennis.<br>4. Korrekte paragrafering, sinsbou, punktuasie: natuurlikheid ontbreek.<br>5. Styl vloeiend, oorspronklikheid ontbreek bietjie.<br>6. Taal klinies korrek maar kort deurleefdheid. |
| **Goed** | 1 Vanselfsprekende onderwerp siening.<br>2. Onderwerpgerig, konsentrasie ontbreek.<br>3. Sentrale tema – sporadies.<br>4. Progressie fragmentaries.<br>5. Sintuiglike waarneming, maar algemeenhede.<br>6. Bevredigende, afgeronde eenheid.<br>7. Bevredigende oortuigingskrag. | **Goed** | 1. Oorspronklike taalgebruik beperk, maar taal steeds bogemiddeld.<br>2. Paragrafering, sinsbou, punktuasie toon foute: spelfoute kom voor.<br>3. Weinig sprake van eie styl: skryf korrek soos geleer.<br>4. Goeie opstel, maar sonder aanvoeling en deurlewing. |
| **Alledaags** | 1. Geen spesifieke siening van onderwerp.<br>2. Konsentrasie verbrokkel, afdwaling.<br>3. Geen opvallende sentrale tema.<br>4. Progressie – min.<br>5. Doodgewone waarneming, geen treffende siening nie.<br>6. Paragraafskakeling ontbreek, eenheid gaan effe verlore.<br>7. Argumente bietjie onoortuigend.<br>8. Vaaghede is kenmerkend. | **Gemiddeld** | 1. Meer vaaghede in formulering – soms onbeholpe.<br>2. Onoorspronklike taalgebruik.<br>3. Anglisismes: foutiewe woordkeuse.<br>4. Paragrafering willekeurig: hegte bou ontbreek: herhaling van gedagtes.<br>5. Foute t.o.v. punktuasie, sinsbou, woordorde: onvoltooide sinne.<br>6. Alledaagse skryfstyl: skryftegnieke ontbreek of oordryf. |
| **Ondergemiddeld** | 1. Siening, inhoud slegs plek-plek ter sprake.<br>2. Konsentrasie: aanbieding grootliks onsamehangend.<br>3. Sentrale tema ontbreek.<br>4. Geen progressie, patroon staties.<br>5. Beskrywing en waarneming vraag en kleurloos.<br>6. Skakeling: paragraafbou verbrokkel.<br>7. Lengte verontagsaam.<br>8. Inhoud is vaag en onvolledig. | **Ondergemiddeld** | 1. Uitdrukkingsvermoë lomp en vaag.<br>2. Verbeeldinglose taal: beperkte woordeskat.<br>3. Paragrafering foutief: sinsfoute algemeen en punktuasie terloops: beperkte gebruik van leestekens.<br>4. Styl omslagtig en onbeholpe.<br>5. Baie spelfoute.<br>6. Toenemende anglisistiese inslag. |
| **Arm** | 1. Onderwerp nie ter sake – geen insig.<br>2. Oppervlakkig – 'n doellose geklets.<br>3. Geen tema: patroon ontbreek.<br>4. Onoorspronklik.<br>5. Gedagtes los en sonder verband.<br>6. Growwe verontagsaming van lengte. | **Swak** | 1. Kan nie gedagtes oordra nie.<br>2. Taal lomp, onbeholpe, beperk.<br>3. Baie spelfoute: min eenheid.<br>4. Telegramstyl.<br>5. Skryftegnieke verkeerd<br>6. Algemene foute.<br>7. Druip. |
| **Misgetas** | 1. Inhoud niks te make met onderwerp.<br>2. Deurmekaar sameflansing van niks-seggende gedagtes.<br>3. Growwe verontagsaming van lengte.<br>4. Besliste druipeling. | **Beroerd** | 1. Geen skryftegniek.<br>3. Geweldig baie foute<br>4. Geen struktuur.<br>5. Volslae druip. |

## VRAAG 4

4.1 4.1.1 Allen. (1)
4.1.2 Die spreker is Allen se stiefpa. (1)

4.2 Sy wreedheid. (1)

4.3 Nee.
Aanranding / mishandeling is onwettig / uit die bose / geen regverdiging daarvoor nie. (2)

4.4 Albei woorde dui op Allen. (1)

4.5 Allen het sy stiefpa ingewag soos 'n dier sy prooi. (2)

4.6 Kreungeluide / 'n gil / slaangeluide. (1)

4.7 Allen se stiefpa. (1)

4.8 Die wreedheid / gewelddadigheid. (1)

4.9 Ja.
Die skrywer sê aan die einde niks wat hy geskryf het is waar nie. / Dis 'n ligte spel / Hy kan doen met die verhaal wat hy wil. (2)

4.10 Dis kursief gedruk en tussen hakies. (2)

4.11 Den Haag. (1)

4.12 Ja
Die reisiger (man) is nors en onvriendelik. (2)

4.13 As hy gaan sit, breek die lussie van sy jas en die jas val op sy kop.
Die man mors met koffie op sy das en onderbaadjie.
Hy stamp sy kop teen die deur van die kompartement.
(ENIGE TWEE) (2)
**[20]**

## VRAAG 5

5.1 Oom Adriaan het die tegniek om mense te bedrieg tot 'n fyn kuns ontwikkel. Heel aan die begin verras hy sy suster en vang haar op die verkeerde voet as hy skielik in die huiskamer verskyn en hulle nie kans gee om vooraf te besin oor sy "versoek" dat die kind hom daardie dag moet help nie.
Oom Adriaan maak sy geld deur harmoniums op te koop, bolangs te restoureer en soms van nuwe kaste te voorsien. Deur allerlei kwinkslae en verkoopstruuks probeer hy soveel moontlik van die inkoopprys afstry en doen hy sy bes om die instrumente vir so duur moontlik te verkoop.

Oom Adriaan het goeie mensekennis en pas sy benadering aan by die omstandighede en sy insig in die kwesbaarheid van sy klante. Hy gebruik al klaar die afwyking in sy eie oogopslag tot eie voordeel. Oom Adriaan se oë lyk nie eenders nie: die iris van sy linkeroog is baie donker en dit lyk of die kleurgedeelte van die oog net een groot pupil is. "Zodra jij in die ogen kijkt, ja je stotteren als je iets tegen hem wilt zeggen." As daar enige teenspraak is of as dit lyk of 'n saak nie tot sy voordeel sal strek nie, blaf hy die kort woordjie "basta" en raak almal stil.

Vir die kind wat grootgemaak is om volwassenes te respekteer en vir wie geleer is dat mens lojaal moet wees teenoor jou familie is dit 'n verligting om uiteindelik ook aan homself te erken dat die oom 'n skurk is. Die hele tyd het hy dit gesien sonder om dit selfs in sy gedagtes onder woorde te bring. Vir homself moes hy die waarheid verberg, want hoewel die oom dit beveel het, was hy deel van skadu – praktyke en het hy saam help kul. Dis tog hy wat gesorg het dat 'n orrel vals klink en sy spel moes die mense ontroer sodat hulle nie 'n streng saaklike transaksie kon sluit nie. (15)

5.2 Allen is 'n weeskind en bly by sy oom. As die verhaaltjie begin sien ons hoe die oom op die mees sadistiese manier op die seuntjie toeslaan. Terwyl hy hom op die grofste manier uitskel, klap hy hom heen en weer, stamp sy gesiggie teen die muur totdat die bloed loop en laat vuishoue reën totdat hyself moeg is. As die man uitstap, is die seuntjie nie alleen nie. Nou word hy getreiter deur die wrede stiefsussie wat alles met leedvermaak aanskou het. Sy dreig om hom weer in die moeilikheid te bring. Sy takel hom nog verder af deur te vertel hoe dom hy in die oë van haar pa is.

Terwyl hy so wreedaardig aangerand word, en ook tydens die onderonsie met die sussie, sê die seuntjie geen enkele woord nie. Agteraf blyk dit dat hy wel intens geluister het na wat sy sê. Sy het naamlik vertel dat die swaar yster - leer wat aan die bopunt vas is losgeskroef kan word.

Skielik neem die verhaal 'n volkome onverwagte wending. Die stiefpa kry wel sy verdiende loon, maar hy word deur die "onskuldige" Allen vermoor. Allen verander van 'n onskuldige weerlose "joggie" in 'n sluwe moordenaar. Hy maak nie alleen die stiefpa van die gras af nie, maar blitssnel en berekend wis hy ook alle leidrade uit. Hy skroef die leer weer vas, gooi die tak waarmee die man hom wou slaan, ver weg en sorg dat hy nie in die plas bloed waarin sy prooi lê trap nie.

Kyk ook na kandidate se eie menings oor Allen se boosheid)

Moontlikhede: Hy is boos en gewetenloos/...
of
Sy optrede dui nie op boosheid nie, maar selfbehoud/... (5)
**[20]**

## KONTEKSTUELE VRAAG : *VERLORE PARADYSE* (N.J. Snyman)

### VRAAG 6

6.1 Plesier / Blydskap. (1)

6.2 hart verskrik in my bors voel klop
"ek was bang"
"ek kon nie 'n woord kry om mee te begin" (ENIGE EEN) (1)

6.3 onskuldig soos 'n kind / naïef / opreg / eenvoudig (ENIGE EEN) (1)

6.4 'n bloekomboom wat val / 'n dier wat spring (1)

6.5 Ouboet / Ouboet se reaksie. (1)

6.6 Die verteller kan nie die sin voltooi nie. (1)

6.7 Sy het haarself met 'n laken opgehang. (1)

6.8 Ouboet se broer / suster. (1)

6.9 In r.3-5 is Ouboet op sy gemak, tevrede en gelukkig.
In r.11-12 is hy ontsteld en woedend. (2)

6.10 Die verteller se klein hande. (1)

6.11 Ja.
Liggaamlike en geestelike mishandeling – hy slaan en treiter die verteller.

**OF**

Nee
Ouboet is 'n sot en nie verantwoordelik vir sy dade en optrede nie. (2)

6.12 Daar was 'n skool visse wat gebyt het. (1)

6.13 Ergernis / misnoeë. (1)

6.14 Vis is skaars / yl. (1)

6.15 Sarkasme. (1)

6.16 Milla weet haar ma hou nie van vis nie, tog praat sy gretig en passievol oor sakvis / haar openlike bewondering vir Wenning. (1)

6.17 Ja – ironie (1)
Daar is min vrede tussen Hilda en die see / tussen Hilda en haar dogter se liefdesverhouding met Wenning. (1)
**[20]**

**OF**

## PARAGRAAFTIPE VRAE – VERLORE PARADYSE

### VRAAG 7

7.1 Aan die begin van die verhaal is die ma gelukkig oor die terugkeer van haar soldateseun vanaf 'n oorlog, en sy is besit om haar gereed te maak om haar seun te gaan ontmoet. Sy soek blomme om haar huis op te vrolik maar keer terug met 'n handvol grashalms wat sy in die blompot rangskik. Sy dek driejaaroue gemmerbier op die tafel; voer hoenders wat al twee jaar gelede almal gevrek het en praat met 'n leë stoel aan tafel. Sy trek haar aan soos 'n bruid, maar haar gesig is bleek soos die dood as sy (soos 149 weke tevore) haar seun gaan haal by die stasie. Deur herinneringe wat die ek – verteller oproep, word die moeder se eienaardige optrede duidelik. Hy is drie jaar gelede al dood (het gesneuwel in die oorlog) maar sy ma leef in 'n droom – wêreld en weier om sy dood te aanvaar – daarom dat die ek – verteller uitskree dat hy al 150 weke gelede dood is.

Die moeder isoleer haarself en leef in 'n wêreld van haar eie. Sy is vasgevang in die verlede en weier om die hede te aanvaar, of sy verkies om dit te ignoreer. Dit blyk dat niemand haar van die waarheid kan oortuig nie.

Dis moeilik om jou met die moeder se strewe te identifiseer. Sy het haarself onttrek aan die werklikheid en leef in haar eie illusiewêreld. (10)

7.2 Die openingsin in hierdie verhaal is alreeds 'n vooruitwysing na die gang van Milla en Wenning se liefde. As 'n jongman 'n meisie liefhet en sy vir hom, is daar feitlik niks wat hom van haar af sal weghou nie. Aanvanklik het Wenning en Milla se vriendskap na kinderspeletjies gelyk. Wenning se toenadering (deur vis as geskenke te bring) word deur Milla verwelkom en haar openlike bewondering vir Wenning is duidelik.

Wenning se geskenke veroorsaak geweldige konflik by Hilda, veral omdat dit 'n duidelike teken is van opoffering en van liefde. Sy is 'n landmens – het die see gehaat, en sou alles in haar mag doen dat haar dogter nie ook soos sy met 'n visser trou nie. Dis vir haar 'n geweldige skok en ontnugtering om Milla se bewondering vir Wenning te hoor, en te besef dat sy vrou geword het. Omdat Hilda vir Wenning nie kon afskrik nie rig sy 'n uitdaging aan hom en Wenning aanvaar hierdie uitdaging.

Wenning swem deur die gevaarlike invloed om te bewys dat die see hom goedgesind is, maar verdrink. Milla trek haar klere uit en swem agter Wenning aan, en sy verdrink.

Die verhaal eindig positief. In die slotparagraaf word die moontlikheid voorgehou dat die twee beminders nie dood is nie, uiteindelik ongehinderd by mekaar kan wees en lank en gelukkig verder sal saam leef.

(Kandidate moet hier hulle eie menings gee oor die slot.)

Moontlikhede:

- 'n Goeie slot: dit ondersteun die gedagte dat liefde 'n krag is wat nie deur mense of mensedinge vernietig kan word nie.

- Die slot is onaanvaarbaar: dit hou glad nie verband met die wrede werklikheid nie.

(10)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**

**AFRIKAANS EERSTE TAAL HG EN SG**

**NASIENTABEL VIR LANGER OPDRAGTE**
**LITERATUURSTUDIE VRAESTEL 2**

**TAAL EN STYL**

INHOUD

| 20<br>15<br>10 | SKITTEREND | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | REDELIK | SWAK | BAIE SWAK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| RYK | 20<br>15<br>10 | 19<br>14<br>9 | 18<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>7 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 |
| VOLLEDIG | 18<br>14<br>9 | 17<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 |
| GOED | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>8 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 |
| GEMIDDELD | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>4<br>3 |
| ONDERGEMIDDELD | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 |
| SKRAAL | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>5<br>3 | 5<br>4<br>3 | 4<br>3<br>2 | 2<br>1<br>1 |
| ARM | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 | 3<br>2<br>2 | 2<br>2<br>1 | 1<br>1<br>0 |

**INHOUD**

**A. RYK (R)**

1. Besondere insig
2. Sterk oortuigingskrag
3. Uitstekend inhoud-beheer
4. Deeglike begrip en interpretasie
5. Interessante, sistematiese en logiese beplanning
6. Vraag en antwoord sluit
7. Vraag voortdurend in fokus

**B. VOLLEDIG (V)**

1. Besondere insig
2. Oortuigingskrag baie goed
3. Inhoud weldeurdag
4. Duidelike begrip en interpretasie
5. Interessante, logiese beplanning
6. Enkele inhoudsgedeeltes ontbreek
7. Vraag en antwoord sluit
8. Vraag in fokus

**C. GOED (GO)**

1. Meer gebreke
2. Oortuig minder
3. Feite nie volledig nie
4. Aanbieding plek-plek nie logies nie
5. Vraag en antwoord sluit plek-plek nie
6. Vraag nie voortdurend in fokus nie.

**D. GEMIDDELD (GE)**

1. Baie gebreke
2. Oortuig soms glad nie
3. Helfte van feite
4. Belangrike feite ontbreek
5. Interpretasie gewoon
6. Aanbieding nie logies nie
7. Vraag en antword sluit dikwels nie

**E. ONDERGEMIDDELD (OG)**

1. Baie meer gebreke
2. Oortuig gedeeltelik
3. Belangrike feite weggelaat
4. Interpretasie oortuig nie
5. Aanbieding lomp
6. Vraag en antwoord sluit hier en daar
7. Vraag net in enkele gevalle in focus

**F. SKRAAL (SK)**

1. Kandidate drup
2. Vol gebreke
3. Oortuig glad nie
4. Geen insig nie
5. Onbelangrike feite oorheersend
6. Interpretasie swak
7. Aanbieding deurgaans lomp
8. Vraag en antwoord sluit glad nie

**G. ARM (A)**

1. Drup ver
2. Geen insig
3. Weinig kennis
4. Interpretasie
5. Aanbieding onlogies en verward
6. Vraag glad nie beantwoord nie

**TAAL EN STYL**

**1. SKITTEREND (S)**

1. Korrekte, funksionele lees- en skryftekengebruik
2. Korrekte, funksionele gebruik van literêre terminologie
3. Oorspronklike taal en styl
4. Afrikaanse idioom
5. Keurige taalaanwending

**2. BAIE GOED (BG)**

1. Klein gebreke in lees- en skryftekengebruik
2. Goeie styl
3. Keurige taalaanwending - klein foutjies

**3. GOED (GO)**

1. Meer gebreke t.o.v. lees- en skryftekengebruik
2. Taal en styl begin lomp vertoon
3. Taalaanwending toon tekens van slordigheid

**4. GEMIDDELD (GE)**

1. Nog meer gebreke t.o.v. lees en skryftekengebruik
2. Taal en styl vertoon lomp
3. Taalaanwending is slordig

**5. REDELIK (RE)**

1. Ernstige gebreke t.o.v. lees- en skryftekengebruik
2. Sinsbou swak
3. Taalaanwending slordig
4. Slaag soms net

**6. SWAK (SW)**

1. Skryf- en leestekengebruik beroerd
2. Sinsbou swak
3. Taalaanwending slordig

**7. BAIE SWAK (BS)**

1. Kennis in gebruik van skryf- en leestekengebruik bestaan nie
2. Taalgebruik uiters swak